
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
ASPU

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

JAARGANG XXXVI NOMMER 14 8 AUGUSTUS 1980



Mnr Jan-louis du Plooy, SSR-voorsitter en leier van die PU-afvaardiging by die ASB-kongres aan die woord. Mnr du Plooy is ook voorsitter van die komitee wat die aanvoorwerk moet doen vir die amptelike stigting van Polstu.

## ● Regs en links bots

# Woelinge by ASB-Kongres

– Jeanne Fourie –

**Die 32ste Bondskongres van die ASB is gedurende die Julie vakansie te Potchefstroom gehou. Buiten die geaffilieerde kampusse was daar ok 'n afvaardiging van die Inkatha-jeugbeweging. NUSAS was afwesig omdat hulle hul nie kan versoen met die feit dat die ASB hom nie teen aanhouding sonder verhoor uitspreek nie.**

Die kongres is toegespreek oor verskeie aktuele onderwerpe, onder andere: Politiek en die jeug, Ekonomie en die jeug, en kultuur en die jeug.

Die belangrikste mosies wat tydens die weeklange kongres aangeneem is behels die volgende;

- die aanvaarding van die Eerste Minister, Mnr.P. W. Botha se 12-puntplan.
- die verwerping van die beginsel van 'n „wit tuisland."
- voortgesette dialoog met die swart Inkathabeweging, aanvaarding van die permanensie van stedelike swartes met die voorwaarde dat hul politieke aspirasies slegs buite wit politieke strukture tot uiting kon kom.

Die regse neiging wat die kongres hierdie jaar getoon het teenoor die beweging na links wat sedert 1977 ingetree het, het gelei tot die ontstaan van die veelbesproke organisasie Polstu (sien ook elders). Hierdie organisasie beroep hulle daarop om 'n politieke organisasie naas die ASB te wees en dat hulle lede steeds lede van die ASB bly.

Die verkiesing van die nuwe dagbestuur weerspieël ook die regsgesinde neiging van die ASB. Die voorsitter vir die nuwe termyn is Mnr. Nelus Niemandt en die ondervoorsitter Mnr. Thinus Riekert (albei van UP). As addisionele lid is verkies Mnr. Manus Visser van die Afrikaanse Studentevereniging op Stellenbosch.

Mnr. Niemandt het hom uitgespreek teen die Polstu omdat hy voel dat hulle binne die ASB hul sak kan stel. Uit Polstugeledere word egter gesê dat die ASB se standpunt verwater is omdat die wye spektrum van uiteenlopende standpunte gedurig kompromitee vereis.



Mnr Roelf Meyer (LV) en Minister F.W. de Klerk in gesprek tydens die ASB-kongres.

# Polstu het al tagtig lede

**Die politieke studente-organisasie, Polstu, is op die oomblik reeds seker van meer as tagtig lede. Volgens Mnr.Jan-Louis du Plooy, voorsitter van die interimkomitee wat die aanvoorwerk vir die amptelike stigting moet doen, is daar benewens die oorspronklike agtien lede ook dertig lede op die UOVS en twee-en-dertig by die US. Verskeie studente op die PU het ook al hul belangstelling laat blyk.**

Op 12 Augustus sal daar op die PU-kampus 'n inligtingsvergadering gehou word. Mnr Du Plooy spreek die hoop uit dat alle wanvoorstellings en bevooroordeeldheid wat deur gebrekkige en verdraaide inligting veroorsaak is dan uit die weg geruim sal word.

Polstu het spontaan ontstaan tydens die ASB-kongres wat gedurende die Julievakansie hier gehou is.

Polstu het twee verklarings uitgereik. In die eerste word kongresgangers genooi om 'n besprekingsvergadering by te woon. Daar word ook verklaar dat die groep van nege lede wat die verklaring opgestel het, dat bestaansreg van die ASB as kultuurorganisasie erken en onderskryf, maar dat „ die politieke funksie van die ASB nie tot sy reg kom nie," omdat die breë spektrum van politieke menings binne die ASB noodwendig lei tot afgewaterde politiese standpuntinname.

Volgens hulle mening bestaan daar 'n behoefte aan 'n suiwer studentepolitieke organisasie wat vry is van partypolitiek en wat op wetenskaplike, prinsipieel verantwoordbare wyse op die voorpunt van huidige politieke ontwikkeling wil wees en bly. Hulle wil ook meningsvormend en inisiërend optree.

Dit word verder duidelik gestel dat hulle hul nie wil distansieer van die ASB nie, maar dat hulle slegs wil poog om 'n belangrike faset van die ASB se kultuurtaak vanweë bogenoemde redes in 'n afsonderlike struktuur uit te bou. Hulle doen 'n beroep op die Afrikaanse studente wat ook so voel om hulle te ondersteun.

**Tweede verklaring**

Om hulle politieke denke te identifiseer, is die volgende vertrekpunte vir die stigte organisasie in 'n tweede verklaring gestel:

- Alle persone wat in die RSA gebore is, wat hier genaturaliseer het, of dit as hulle permanente verblyfplek aanvaar het, se onvervreembare reg op volle SA-burgerskap, gelyke ekonomiese en sosiale geleenthede, gelyke politieke seggenskap en vrye assosiasie word erken.
- Om hierdie doelwitte te bereik, word alle vorms van geweld verwerp. Vreedsame en spoedige verandering deur onderhandelinge met alle betrokkenes word voorgestaan.
- Enige beleidsrigting of -denke wat gedwonge segregasie of integrasie inhou, word verwerp terwyl etnisiteit en identiteit erken word as realiteite wat deur mense (en nie wette nie) beskerm kan word.
- „Ons as Christen-Afrikanerstudente, voel ons geroepe om met en deur hierdie organisasie ons volk en ons land te dien, maar die organisasie sal geen spesifieke kwalifikasie stel vir lidmaatskap ten opsigte van ras, taal of geslag nie, maar wel ten opsigte van Christenskap en lojaliteit teenoor Suid-Afrika."

Die kongresgangers wat die eerste verklaring uitgereik het, is Jan-Louis du Plooy, Pieter Fourie, Hugo Pienaar, Josef Kruger, Fanie Hasbroek (PU); Johannes Botha, Freddie Crous (RAU); Leon de Beer en Wynand Breytenbach (UOVS). Nadat die tweede verklaring uitgereik is, het nog nege studente aangesluit.

# Kafeteriatye Verander

**Aan die begin van hierdie semester het die kafeteriatye in die Studentesentrum verander. Mnr Hans van Zyl, direkteur van die Studentesentrum, het só gereageer:**

Die studentemassa van die PU maak net vir ongeveer sewe maande van die jaar ten volle van die geriewe gebruik. Die res van die jaar word in beslag geneem deur eksamens, bloktyd en vakansies wanneer die omset óf daal tot 'n lae vlak óf geheel en al afneem. Gevolglik kan die vaste kostestruktuur van twaalf maande nie verhaal word uit die onderneming wat net sewe maande bedryf word nie. Veral ook omdat dit nie geskoei is op die lees van winsbejag nie maar op dienslewering.

Deur die sentrum op Sondae te sluit en die daaglikse oopstelling met een uur in te kort kon die personeeluitgawe met 'n derde besnoei word. Wesentlik word die studente nie daardeur verontrief nie, omdat statistiek aangetoon het dat studente Sondae en die oggende van 08h00–09h00 minimaal van die sentrum gebruik maak.

Hierdie stappe wat geneem is, is tot voordeel van die studente omdat die pryse as gevolg daarvan gehou kon word op die indeks wat hulle sak pas. Terselfdertyd kan gemeld word dat die sportgedeelte tot 24h00 oopgestel word en dat 'n koeldrankmasjien aldaar voorsien is.

En verlede week het Tjorts se dosente met hom oor sy punte gesels.

„Daar is 'n groot les te leer by die flukse mier. Die mier werk elke dag. Van vroeg tot laat. Ja, die mier bly gedurig aan die werk. En wat gebeur naderhand met hom?"

Tjorts: „Iemand trap op hom."

Tot Siens weer!

Tjorts

# SSR-verkiesing

**Die SSR-verkiesing word op Donderdag 21 Augustus gehou. Nominasies daarvoor moet op Maandag 11 Augustus om 12h00 afgehandel wees. Die nominasievorms is in k. 102 by die SSR-kantore beskikbaar en alle genomineerdes moet om 13h30 op 11 Augustus aanmeld by die SSR-raadsaal vir 'n verpligte vergadering.**

**Die Groot Sweet vind op Woensdag 20 Augustus in die amfiteater plaas.**

**SSR-lede Fanie Haasbroek en Stephan Pretorius tree as verkiesingsbeamptes op.**

# Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater

## Bitter lied aangebied deur student



*Sulette Thompson en Dawie du Plessis in 'n toneeltjie uit „Bitter lied van die somer" deur Dick Findlay wat onder regie van Gerrit Schoonhoven opgevoer word.*

**Die eerste aanbieding van die Departement Spraakleer en Drama in die tweede semester, is die produksie onder regie van Gerrit Schoonhoven, ,,Bitter lied van die somer".**

Dié drama is deur Dick Findlay geskryf en het 'n aantal jare gelede groot polemiek veroorsaak toe dit as film vrygestel is.

„Bitter lied van die somer" is voorheen slegs deur Sukovs opgevoer.

In baie opsigte is hierdie produksie enig. Dit is die eerste keer dat 'n voorgraadse student in Toneelkunde die regie van 'n PU-Kamertoneel waarneem.

Gerrit Schoonhoven het homself menige kere al bewys. Hy sal seker lank onthou word vir sy vertolking van Motel in „Fiddler on the Roof", en as Moenen, die duiwel in „Mariken van Nymegen".

Die hoofrolle in „Bitter lied van die somer" word vertolk deur Elize Venter, Sulette Thompson en Dawie du Plessis. Ander spelers is André-Jacques van der Merwe en Karen Meiring.

Die stuk handel oor mense wat omstandighede teen hulle het. Dit is 'n interessante en boeiende storie wat gehore enduit sal geniet.

„Bitter lied van die somer" is 'n vollengte aanbieding in drie bedrywe en speel van 5 tot 15 Augustus. Besprekings kan daagliks van 08h00 tot 13h00 by die gebou van die Departement Spraakleer en Drama in Hoffmanstraat gedoen word.

## Larrocha speel op Potch

**Die vermaarde Spaanse pianiste, Alicia de Larrocha, het op Vrydag 13 Junie in die Konservatoriumsaal opgetree. Hierdie klein vroutjie is een van die voorste pianiste in die wêreld.**

Mej. de Larroche het in Junie 'n konsertreis deur Suid-Afrika onderneem – haar vyfde besoek aan Suid-Afrika.

In haar vaderland is mej. de Larrocha vereer met die Spaanse Orde van Burgerlike Verdiënstelikheid. Die universiteit van Michigan in die VSA het aan haar 'n eredoktorsgraad toegeken. Plaatopnames van hierdie pianiste word wêreldwyd erken as gesaghebbende, meesterlike vertolkings. Die Grand Prix du Disque is aan sommige van haar opnames toegeken.

Alhoewel mej. de Larrocha tenger hande het wat lyk asof hulle kwalik oor 'n oktaaf kan strek, verbaas sy mens met die virtuositeit van haar spel.

Tydens die optrede in die Konservatorium het Alicia de Larrocha haar meesterlik van haar taak gekwyt. Sy het werke van Beethoven, Schubert en Ravel gespeel.

Dit gebeur min dat 'n uitvoerende kunstenaar nog soveel van haarself in die uitvoering sit soos die geval was met Alicia de Larrocha.

## Ster-Kinekor teaters geopen

**Twee nuwe Ster-Kinekor-teaters is op 17 Junie deur die dorp se burgemeester, prof. Piet Botha, geopen.**

Die teaters is van die luukste en modernste in die land en beskik oor die heel nuutste klank- en projeksietoerusting. Die teaters is in die Checkerssentrumkompleks op die hoek van Lombard- en Meadowstraat.

Die rolprente wat vertoon word, se uitrykingsdatum sal saamval met dié van Johannesburg en die ander groot sentra.

Besprekings moet by die teaters gedoen word gedurende gewone loketure.

**Dirigente**

**Die beleidsverklarings van genomineerdes vir die dirigentsverkiesing verskyn in hierdie uitgawe van Die Wapad. Die verkiesing vind op 13 Augustus gedurende sleeptyd in die Totiussaal plaas.**

## Skou aangebied

**'n Loopbaanskou word op 26 en 27 Augustus deur die Studenteburo in die studentesentrum aangebied. Werkgewers besoek die universiteit by geleentheid om inligting aan studente rakende moontlike beroepsrigtings, werksgeleenthede en vereiste vakkeuses te verskaf.**

## Virtuose Bolet tree op

**Die bekende virtuose pianis, Jorge Bolet, tree Saterdagaand, 9 Augustus in die Konservatoriumsaal op. Die konsert word deur Oude Meester geborg.**

**Plekbespreking vir dié konsert kan by die Konservatorium gedoen word.**

## Prof bedank as ere-president

**Prof. Eddie Hamman, rektor van die Universiteit van Pretoria, het bedank as Ere-president van Regstudentehuis, na aanleiding van die uitgawe van die koerant, de Facto.**

Die redakteur van de Facto het 'n uittreksel uit 'n berig van die Sunday Times as deel van die hoofberig gepubliseer. Daarin word gemeld dat die Ruiterwag op kampusse kan staatmaak op rektorale steun.

Hierop het die redakteur as volg in die de Facto gereageer: Daar bestaan „geen rede om aan sy bewerings te twyfel nie, veral nie in die lig van laasjaar se onthullings oor die Broederbond en verwante organisasies soos die Rapportryers nie."

Dit wil voorkom asof dit juis die probleem is en die grondliggende rede vir prof. Hamman se bedanking. Verder meld die redakteur in sy kommentaar dat: „Indien 'n mens die berig as korrek aanvaar is die implikasies daarvan ernstig van aard. Hy sluit af dat die artikel „spekulatiewe afleiding" bevat.

Volgens Christof Heyns, voorsitter van Regstudentehuis, wil dit voorkom asof hier 'n misverstand oor die hele aangeleentheid bestaan. Indien met prof. Hamman onderhandel is, kon die situasie heel anders gewees het.

„Die Perdeby" 27 Junie

Die VSR-verkiesing van die Tukkies is in volle swang aan die gang.


# Spaar 'n sent vir die student



7 1/2 sent uit elke tien liter brandstof word geskenk aan die Sentrale Studenteraad

# Gooi nou in by Harold's Volkswagen

Kerkstraat 220, Potchefstroom. Tel. 4261



Ons is baie doenig op die kampus, maar ons eintlike spesialiteit is

PORTRET FOTOGRAFIE
VIR HOM
VIR HAAR
VIR MA
EN OUMA
. . . AS GESKENK OF SOMMER NET 'N GROOT VERRASSING!

FOTOKUNS

Tomstraat 82 Foon 5985


## KALENDER

8–9 Augustus: PU-Kaners, Ouditorium. Bespreking: Inligtingsburo.

14 Augustus: Skemerkonsert – Die Kinderkoor van Bophuthatswana, Foyer. Toegang gratis.

15 Augustus: Gaudium-Studentegeselskap, Ouditorium. Bespreking: Inligtingsburo.

3 September: Potchefstroomse Universiteitskoor, Ouditorium. Bespreking: Inligtingsburo.

9–13 September: Alabama, Ouditorium. Bespreking: Inligtingsburo.

# ● Redaksioneel „New Left"

In wat grappenderwys bestempel kan word as die stigting van 'n „New Left" in Afrikaanse studentegeledere, het 'n groep gefrustreerde „linkse" studente tydens die onlangse ASB-kongres die politieke forum van die ASB verruil vir 'n eie afsonderlike politieke struktuur.

Veel maak die groepie van hulle begeerte om die ASB geen skade aan te doen. Tog blyk dit baie duidelik uit gesprekke met en uitsprake van individuele lede dat hulle meen dat die ASB se rol uitgedien is. Dit is dan ook ons mening dat die optrede van die „linkse" rebelle 'n skeuring in die ASB 'n dreigende moontlikheid maak.

Hoe lyk die groepie rebelle? Twee karakteristieke val onmiddellik op:

● Uit hulle verklaring van voornemens spreek 'n onverbloemde links-liberale filosofie. Dit is feitlik dieselfde filosofie as die waarop die PFP en Sprocas berus. Ook van die grondfilosofie van die ANC is dit nie ver verwyderd nie. Raak stel „Die Volksblad" dit in 'n hoofartikel: „Is die bedoeling juis om dit (die te stigte organisasie) 'n halfwegstasie vir Afrikaanse studente op pad na die PFP te maak?" Ons het hier te doen met die liberale filosofie van die oop gemeenskap wat uitkristalliseer in politieke magsdeling in 'n een-man-een-stem-opset, iets wat vir sowel die blanke Afrikaner as vir alle ander minderheidsgroepe in Suider Afrika die allerskraalste kans laat om te oorleef. Juis die feit dat hierdie Christelik-liberale filosofie feitlik direk in stryd is met die Calvinistiese of Christelik-nasionale filosofie waarop die ASB gehou is, impliseer dat die stigtingsaksie neerkom op 'n eensydige wegbreek van die ASB.

● Dit is ook kwalik bedek dat ons hier te doen het met 'n beweging wat nie primêr gebore is uit beginsels nie, maar uit persoonlike bitterheid en frustrasie. Meer as toevallig is dit dat oorgegaan is tot stigtingsaksie juis op 'n tydstip dat dit vir kongresgangers duidelik wat dat daar 'n beweging in 'n meer gematigde rigting in die ASB te bespeur was. Die gety het gedraai en ons groepie rebelle moes terdeë besef het dat hulle nie daarin sou slaag om die ASB met hulle links mosies te koop vir hulle eie doeleindes nie. Hulle kon ook nie daarin slaag om die ASB te omskep in 'n politieke aksiegroep met feitlik dieselfde funksie as 'n politieke party nie. Die gevolg? Frustrasie lei tot stigting van 'n nuwe organisasie waarin die „linkses" seker is dat hulle die botoon sal voer.

Wat behoort die Afrikaanse student se houding teenoor die ASB en hierdie „New Left" te wees? Die kulturele tuiste van die Afrikaanse student is die ASB. Enige poging om die ASB of te omskep in 'n politieke aksiegroep of party of om die toekoms en eenheid van die ASB in gevaar te stel, moet met mag en mening beveg word. Die „linkse" rebelle het oor die jare heen op georganiseerde wyse gepoog om die ASB te verander van 'n gespreksforum vir verskillende studentemenings na 'n politieke aksiefront – iets wat veel eerder op die terrein van die partypolitiek lê. Noudat hulle gefrustreer is in hulle pogings, gaan hulle oor tot die stigting van 'n organisasie wat nie anders kan as om die eenheid en voortbestaan van die ASB op die spel te plaas nie. Elke regdenkende Afrikaanse student behoort hierdie organisasie te verwerp en sy of haar volle gewig by die ASB in te gooi.

asbek amptelike mondstuk van die afrikaanse studentebond

Redakteur: André Bartlett

Die standpunt van "ASBek" is nie noodwendig die van die ASB of van hierdie koerant nie.

En die rebelle dan? Vir hulle wil ons sê: Staak julle pogings om die ASB te ondermyn! Dié organisasie het immers geen oomblik afgewyk van sy grondslag en doel nie; maak steeds gebruik van die forum van die ASB: julle stemme en standpunte word gehoor, al is julle nie altyd in die meerderheid nie; laat staan julle nuwe speelding: die filosofie waarop dit staan is uiters gevaarlik; en as julle dan politieke aspirasies het wat julle wil uitleef, doen dit binne een van die bestaande politieke partye: dit is die regte plek daarvoor.

Kom ons staan almal saam met die woorde van die ASB se leuse: „Eenheid, krag, oorwinning!"

# Termyn vol sukses

**Die ASB kan met dankbaarheid terugkyk na 'n suksesvolle termyn, sê Chris Fismer, uittredende president van die ASB, in sy jaarverslag voor die onlangse ASB-kongres.**

Veral ten opsigte van die projekte is nuwe standaarde van suksus gestel. Ook die veel gedebatteerde balans tussen kultuur en politiek meen hy is weer herstel.

Die termyn het afgeskop met die opstel van 'n strategiese plan vir die ASB. Daardeur is die fondament gelê vir gestruktureerde, beplande en werkbare optrede vir die ASB in die dekade wat voorlê.

'n Tweede stap om die ASB in rat te kry vir die dekade tagtig was om die grondwet en die affiliasiestelsel te hersien. Die nuwe stelsel van 'n „Bond van Studenterade" sal volgens Chris blywende kalmte bring op die troebel waters van die ASB se konstitusionele geskiedenis.

Vier baie suksesvolle hoofbestuurvergaderings is die termyn gehou. Verskeie faktore het bygedra tot die suksesvolle funksionering en korter vergaderings as in die verlede.

Volgens Chris is al die groot projekte van die ASB met ongekende sukses en belangstelling bekroon. Dié projekte is die kongres, Kuesta, Fiesta, die Tuislandtoer, die buitelandse toer en die aktualitietskonferensies. Ook die ASB-publikasies vorm deel van die suksesse van die termyn – ten spyte van geweldige probleme wat rondom ASBeeld ondervind is.

Agt ASB-kampusse is op uitnodiging deur Chris besoek. Daarbenewens het hy 'n baie geslaagde besoek van vyf weke aan die VSA gebring as gas van die Amerikaanse „State Department". Op uitnodiging van die SAW het hy ook Suidwes-Afrika besoek.

In twee referendums oor die ASB – op RAU en Hugenote Kollege – het die pro-ASB-standpunt telkens die oorwinning behaal.

Skakeling met ander groepe was besonder suksesvol. Die betekenisvolste gesprek seker nog het plaasvind met Hoofminister Buthelezi en lede van Inkatha te Ulundi. Voortspruitende hieruit is die uitnodiging van waarnemeers van die Inkatha Youth Brigade na die ASB-kongres.

Studente met regse of linkse politieke motiewe gryp dikwels na die ASB as slaansak om hul eie politieke standpunte te verkondig. „Een iets van dié aard het ek weer by hierdie kongres gesien," het hy gesê met verwysing na 'n groep verligte studente wat nou 'n „onverbonde" politieke vereniging gaan stig „omdat die ASB nie meer 'n bydrae tot die politieke debatvoering lewer nie."

Chris meen die eerste en grootste doel vir die ASB is steeds om 'n platform en sambreel te skep waarbinne alle Afrikaanse universiteite en kolleges kan byeenkom om hulle gemeenskaplike en gesamentlike kul tuur en ander belange te kan deel en uit te leef.

Die tweede doel is ons volle deel by te dra om mee te werk om gesonde volkere- en menseverhoudinge in Suid-Afrika te bewerkstellig waarbinne almal in Suider-Afrika in vrede, geluk en voorspoed kan leef.

**Na die ASB-kongres verlede jaar het 'n Kovsie, ene J. J. Bothma, beswaar gemaak teen die beweerde ongrondwetlike verkiesing van Abrie de Swardt as onder-president, hy het versoek dat 'n arbitrasiehof saamgestel word om die saak te besleg.**

**Nadat die hoofbestuur regsadvies ingewin het is die beswaarmaker gelyk gegee. Abrie het toe ook bedank van die hoofbestuur.**

**Omdat Abrie met verskeie ASB-opdragte besig was, het die hoofbestuur, kragtens bevoegdheid verleen in die grondwet, Abrie weer gekoöpteer as onder-president.**

**Ongeveer 'n week voor die pas afgelope kongres, en vier maande na die laaste korrespondensie aan mnr. Bothma gestuur is, ontvang die pers afskrifte van al sy korrespodensie, ingesluit 'n brief wat die ASB-hoof-kantoor nooit ontvang het nie. Daarin dreig hy met optrede, "onthul" 'n "rewolusie", beweer opsetlike kullery van die hoofbestuur en waarsku dat beide die president en onder-president nie tydens die kongres mag optree nie.**

**Of mnr. Bothma koue voete gekry het, weet niemand nie. Die kongres het egter gekom en gegaan sonder dat 'n enkele woord weer van hom gehoor is.**

**Die hele petalje het uitgewys dat die grondwet se bewoording verskil van die tradisionele interpretasie, 'n saak wat reggestel is met die huidige grondwetlike veranderings.**

# ASB-toer

Die tradisionele ASB-toer na Europa vind Desember plaas. Tien lande word besoek in 'n toer wat 3 weke duur.

Die toerprys is R1430,00 en sluit onder andere akkommodasie, ontbyt en aandetes en paspoort- en visumkoste in. 'n Deposito van R100,00 word verlang om 'n plek op die toer te verseker.

Die volgende stede word besoek: Londen, Parys, Amsterdam, Keulen, Heidelberg, Luzern, Vaduz, Innsbruck, Corvado, Venesië, Florence, Rome en Athene. 'n Opsionele toer van 4 dae word addisioneel teen R130,00 aangebied.

Die toer vertrek op 5 Desember en duur tot 27 Desember. Die Israel toer duur van 28 Desember tot 31 Desember.

Eksamenuitslae word gratis per teleks aan toerlede bekend gemaak!

Vir die eerste keer bied die ASB vanjaar ook 'n toer na die VSA aan. Toerreëlings is op die oomblik nog nie gefinaliseer nie.

Verdere inligting en toerbrosjures is beskikbaar by Corné Mulder.

**Voorgraadse Beurse**

Die intellektuele grondslag vir 'n lonende rol in die ontwikkeling van vredesgebruike van kernenergie.

Die Raad op Atoomkrag se uitgebreide navorsings- en ontwikkelingsprogram is gemik op die volle benutting van die vredesgebruike van kernenergie ten bate van alle Suid-Afrikaners.


Die Raad bied voorgraadse beurse aan wat u in staat sal stel om kennis en kundigheid vir 'n leidende rol op hierdie uiters belangrike gebied op te doen.

Beurse tot 'n bedrag van R1 800 per jaar is beskikbaar vir voltydse studie aan enige Suid-Afrikaanse universiteit in die volgende dissiplines:

**Ingenieurswese - meganies, metallurgies, bedryfs, elektrotegnies en chemies**
**Geologie**
**Fisika**
**Rekenaarwetenskap**
**Metallurgie**
**Chemie**
Biblioteekwese (B.Sc. met H.D.B.)

Nadere besonderhede en aansoekvorms is verkrygbaar by die Personeelbeampte, Privaatsak X256, Pretoria 0001, of skakel (012) 79-4441 Uitbreiding 332.
Sluitingsdatum 31 Julie 1980.

**RAAD OP ATOOMKRAG PELINDABA**



Altolevel 10030

die WAPAD

## • Studente & Politiek

Dit is verblydend om te sien die Afrikanerstudent raak eindelik polities betrokke. Die te stigte organisasie, Polstu, is 'n duidelike teken van hierdie tendens. Dit lyk baie moontlik dat ander politiese groeperings ook onder studente verteenwoordig sal word.

Afrikanerstudente wat aan politiese organisasies behoort, verdeel die ASB geensins, aangesien die ASB 'n kulturele organisasie is en as sodanig uiteenlopende sienings (onder meer oor die politiek) moet huisves. Vertroue en eenheid onder Afrikaners moet ten spyte van politiesideologiese verskille gehandhaaf word, soos dit in die ASB vergestalt word.

Dit is jammer om te sien dat die Perdeby (1980-8-01) hierdie eenheid en vertroue skaad deur subjektiewe beriggewing en bevooroordeelde redaksionele kommentaar.

Redaksielede van studentekoerante mag net so min as professionele joernaliste toelaat dat persoonlike politiese oortuigings die vertrouenswaardige posisie waarin hulle staan, skend. Wanneer dit toegelaat word, verdien die pers die snedige aanmerkings wat dikwels in die algemeen na hulle kant gegooi word. Onverantwoordelike joernalistiek benadeel die geloofwaardigheid van die roepingsbewuste joernalis, hetsy verbonde aan 'n studentekoerant of aan nasionale koerante.

## • Wandelpaadjies

Die nuwe wandelpaaie wat verskillende dele van die kampus verbind, het sekerlik menige studente laat sug van verligting. Met die oog op die komende reënseisoen, is die voltooiing van dié paadjies beide prakties en 'n lus vir die oog. Dit voel baie goed om sonder enige probleme van een gebou na 'n ander te beweeg.

Die vooruitgang is egter nie sonder nuwe probleme nie. Dit is ontstellend om te sien hoe motorfietsryers van die wandelpaadjies wat sekerlik nie vir hulle bedoel is nie, misbruik maak. Studente wat gewoon op die paadjies stap, stel hulleself bloot aan diegene wat 'n renbaan daarvan maak. Aan die manier waarop motorfietsryers op die nuwe paadjies rondjaag, lyk dit nie asof hulle die teenwoordigheid van voetslaners as geregverdig beskou nie.

Na regte behoort sulke oortreders beboet te word. Verkeersoortredings behoort eerstens inge te word om menselewens te beskerm. Daarom moet sulke studente swaarder gestraf word as diegene wat parkeerreëls op die kampus oortree.

## *Uit die Woord*

### Die wêreld

Blydskap en vrede is iets waarna almal van ons soek en verlang. Waar soek ons dit?

Die wêreld bied 'n blydskap en vrede wat 'n einde het — wat onvolmaak is.

### Ware blydskap en vrede

In ons teksverse maak God aan ons die ware blydskap en vrede bekend. Dit is sonder einde. Dit is 'n blydskap en vrede in die Here Jesus Christus: daarom kan ons onsself onder die moeilikste omstandighede verbly.

Die woorde "in die Here" beteken dat ons deel het aan Hom, ons het deel aan sy verlossingswerk. Christus is Koning. Hy het die wêreld die duiwel en die sonde oorwin.

En Christus, ons koning, is naby. Waar ons ons ook sal bevind is Hy met ons. Ook Sy wederkoms is naby.

### Ons sorge


Ons mag voorsorg tref vir elke dag, maar die sorge mag nie ons aandag so in beslag neem dat dit ons aandag van die Here aftrek nie. Dan kan daar nie blydskap en vrede wees nie.

Wat moet ons dan met ons bekommernisse doen: maak dit deur gebed en smeking bekend by God!

### Die gebed

Die gebed en smeking moet egter gedra word deur die danksegging ... want ons gebede word altyd verhoor. Die Here is immers naby en sorg vir ons. Dit beteken nie dat ons alles kry wat ons vra nie, maar wel dat ons die heel beste kry.

As 'n Christen hom so verbly en tot God bid, is die resultaat vrede. Dit is die vrede van God in Christus wat die wag oor ons wil, gevoelens en begeertes hou. Dit beskerm ons in Christus en gee ons rus en vrede in 'n wêreld vol besorgdheid en angs.




# Interessante mosies by Kongres ingedien

Die onlangse 32ste Bondskongres van die Afrikaanse Studentebond het bo en behalwe sekere omstrede nuuswaardighede ook 'n aantal interessante mosies opgelewer. 'n Paar van die belangrikste mosies word hier geplaas en wissel van 'n sogenaamde vêr linkse tot vêr regse standpunt. Die mees omstrede mosies het só gelyk:

'n Mosie ingedien deur Mnr. Jan-Louis du Plooy het voorsiening gemaak vir die inkorporering van relevante Swart leiers by die Presidentsraad en is gedeeltelik aanvaar nadat genoemde deel van die mosie weggelaat is.

Nog 'n omstrede mosie is ingedien deur Mnr. Josef Krüger waarin hy gepleit het vir 'n menseregte akte. Die skeping hiervan beskou hy as 'n noodsaaklikheid vir 'n klimaat van wedersydse vertroue en dialoog tussen die onderskeie belangegroepe in die Republiek. Volgens hom word die beskerming van menseregte tan op arbitrêre wyse en sonder behoorlike regsproses deur die Staat ontneem. Die mosie is nie aangeneem nie, maar 'n amendement, ingedien deur Mnr. Herman Krull waarin daar wel kommer en sorg uitgespreek is oor die skending van die regte van die individu deur sekere bepalings van die SA Veiligheidswetgewing, is wel aangeneem.

Nog 'n mosie ingedien deur Mnr. Jan-Louis du Plooy het gehandel oor die sogenaamde Blanke tuisland wat as toevlugsoord vir Blankes moet dien. Die Voorsteller voel dat so iets 'n totaal irrelevante bydrae is vir die oplossing van Suid-Afrika se volkereprobleme. Terselfdertyd word dit gestel dat die tuislandbeleid vir Swartes misluk het. Die mosie is aanvaar.

In 'n hergeformuleerde mosie ingedien deur Mnr. Kallie Roos het die Kongres hom ten gunste van die Eerste Minister se twaalfpuntplan uitgespreek as vertrekpunt tot die hantering van die toekoms van SA.

Verder is daar 'n mosie ingedien deur Mnr. C. W. Bartlett waarin hy onder andere pleit vir die daarstelling van 'n sinvolle politieke struktuur as alternatief vir die VKR.

'n Mosie is aangeneem wat die reg van elke volk om sy eie te wees en oor homself te besluit, regverdig, maar gemaan dat daar na praktiese implikasies gekyk moet word.

Op onderwysgebied het die Kongres ook standpunt ingeneem: elkeen is geregtig op onderwys binne sy eie kultuurverband en in sy moedertaal. Die Kongres het ook die diskrepansie wat daar bestaan ten aansien van die toekenning van Staatsgeld tussen bevolkingsgroepe verdoem. Dit het gevra dat die oneweredige verspreiding van fasiliteite by skole reggestel moet word.

In 'n mosie ingedien deur Mnr. Nelis Niemandt en Mej. Mattie Kruger erken dat die Swartman permanent in Blanke gebied is en dat lewensomstandighede daar verbeter moet word.

Die Kongres het hom teen skoolboikotte uitgespreek, maar gevra dat probleme van skoliere opgelos word. Verder het die Kongres die kontak met Inkatha verwelkom. Trouens, hierdie was die enigste mosie wat algemeen en met akklamasie aanvaar is.

'n Mosie is ook aangeneem waarin die Kongres die SA Rugbyraad ondersteun ... in sy besluit om die Cravenweek vir hoërskole vir Swart- en Bruinskoolspanne oop te stel.

# ASB was 'n sirkus

Geagte Redakteur

Dit was my voorreg om die afgelope vakansie die ASB-kongres te Potchefstroom by te woon. Of eintlik moet ek sê: ASB sirkus, by te woon. 'n Politieke sirkus waar narre met mekaar meegeding het om publisiteit te kry.

Asof dit nie genoeg was nie, is daar mos toe 'n paar lede van die sirkusgroep wat besluit: ons wil ons eie sirkus hou. 'n Sirkus wat „objektiewe toertjies" aan die gehoor sal vertoon. Die ASB-sirkus (ekskuus ek bedoel ASB-kongres), is mos die ideale geleentheid: gratis reklame ens. ens.

Ek praat in laasgenoemde geval natuurlik van die belaglike: Polstu, 'n organisasie wat blykbaar gestig is om objektief en wetenskaplik oor die politiek dialoog te voer en te besin. In teenstelling hiermee is 'n „verklaring" uitgereik. Terloops ek daag enige iemand uit wat hierdie verklaring onderskryf om te bewys dat hierdie verklaring objektief en wetenskaplik ten opsigte van die politiek gefundeer is.

U sal vra waarom ek die ASB-kongres 'n sirkus noem. Bloot vanweë die feit dat afgevaardiges na die kongres die verantwoordelikheid het om oor mosies te stem. Hierdie afgevaardiges kon stem vir of teen mosies wat 'n duidelike politieke inslag bevat. Nou vra ek myself af: hierdie afgevaardiges (SR-lede) – is hulle afgevaardig na die kongres vanweë hul politieke oortuiginge? By implikasie beteken dit dat studenteraadslede na die kongres afgevaardig is vanweë hul posisie en in hul hoedanigheid op die Studenteraad. Dit kom dus daarop neer dat afgevaardigdes 'n persoonlike stem uitgebring het en nie 'n verteenwoordigende stem van die Puk massa nie. Die SR-lede word immers nie gekies vanweë hul politieke oortuiging nie.

Die gevolgtrekking wat ek maak is dat die afgevaardigdes se stemme, stemme in die wind was.

'n Nuwe organisasie waarin linkse en regse politieke standpunte verteenwoordig is, behoort nou 'n realiteit te word. Die ASB is 'n kultuurorganisasie en moet hom by sy taak hou.

Ek distansieer my ook hiermee van alle mosies soos deur die ASb-kongres aanvaar (nie omdat ek nie noodwendig nie saamstem nie). Trouens ek stem nie vir 'n SR-lid vanweë sy politieke oortuiginge nie. Die afgevaardigdes was SR-lede wat 'n persoonlike stem uitgebring het.

'n Nuwe organisasie wat werklik objektief sal wees, is nou nodig.

**E. N. GUNNING**

Tereg sê die skrywer dat SSR-lede nie volgens politieke oortuigings verkies word nie. Dit beteken egter nie dat hulle nie hulle eie politieke oortuigings kan of mag hê nie. As SR-lede, met ander woorde leiers van die studentegemeenskap, moet hulle tog die PU se afvaardiging op die ASB-kongres vorm. Met die huidige vloeibaarheid in die politiek en die wyd uiteenlopende politieke standpunte op die kampus is dit absoluut onmoontlik vir enige iemand om 'n sogenaamde „standpunt verteenwoordigend van alle studente" te stel.

Daar kan tog nie vooraf referendums gehou word oor die al die mosies wat op die kongres mag voorkom nie! Alle ASB-kampusse se afvaardigings word op dieselfde „onverteenwoordigende" wyse saamgestel en die skrywer se „probleem" is dus 'n „probleem" veral die Afrikaanse studente.

JAN BOTHA

# ASB-Kongres 1980: Wat het gebeur?

**Die aanvanklike vrees dat die kongres nie veel vuurwerke sou oplewer nie, het met 'n paar insiggewende gebeurtenisse verdwyn. Eerstens was daar die uitnodiging van die ASB aan die jeugtak van Inkatha om die kongres by te woon. Die verfrissende inisiatief moet verwelkom word — daardeur is 'n deel van die bona fides van die ASB teenoor ander groepe in die land herstel. Die meeste kongresgangers het dit insiggewend gevind om met die Inkatha-waarnemers te praat en hulle aan te hoor (ongelukkig was daar ook 'n vals noot toe sommiges as gevolg hiervan uitgestap het).**

Jeug krag 80 ASB

'n Tweede saak wat aandag getrek het, was die toenemende polarisasie tussen die twee vleuels van die ASB wanneer dit by politieke sake kom. Die mosies is wedersyds óf afgeskiet óf so gewysig dat die spreekwoordelike ossewa daarin kon draai.

'n Derde beslissende gebeurtenis, was die verklaring wat deur nege afgevaardigdes op die tweede laaste dag van die kongres uitgereik is. Die hele verklaring kan nie hier behandel word nie, maar die hooftrekke daarvan is dat die ASB se bestaansreg as kultuurorganisasie erken en onderskryf word, maar dat die politieke funksie van die organisasie nie tot sy reg kom nie. Die redes wat hiervoor aangegee word, is die polarisasie waarvan hierbo gepraat is en die afgewaterde politiese standpuntinname. Daar is dus die behoefte vir 'n suiwer politiese organisasiegevoel.

Die groep van nege het alle belangstellendes na 'n vergadering op die Donderdagaand van die kongres genooi, waar die saak bespreek is en 'n verklaring bestaande uit vertrekpunte vir 'n nuwe organisasie, voorgelê is. Die inhoud van beide verklarings word elders in hierdie uitgawe bespreek. Die naam van die nuwe organisasie is Polstu (Politieke Studente-organisasie van Suid-Afrika).

Wat is dan nou die toestand van die Afrikaanse studentepolitiek ná die ASB en Polstu?

Die ASB met sy hele hoofbestuur het 'n groot uitdaging voor: om sy kulturele taak sinvol en aktueel na te kom en die Afrikanerstudent daadwerklik te betrek. Dit sluit die politieke funksie in. Met die Inkatha-kontak op sy kerfstok, het die ASB ten opsigte van bogenoemde funksie 'n goeie vertrekpunt om sy lede te laat praat, met mekaar en met ander.

Polstu het op hierdie stadium 'n klein maar invloedryke ledetal vanaf Stellenbosch, Potchefstroom, Kovsies en RAU. Op ander kampusse is nog te min lede om takke daar te stig.

Hy moet homself deur sy inligtingsvergaderings (11/8 UOVS, 12/8 PU vir CHO en 13/8 RAU)en sy grondwetlike konferensie nog bewys. Sy wegspring was vinnig en kragtig – sy voortgang moet nog gesien word.

Wat seker is, is dat daar 'n inspuiting in die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse studentepolitiek gekom het. Laat ons hoop dit het vrugbare gevolge.



*Die wrak van die ligte motortjie waarin twee Puk-studente en 'n student van Pretoria op 18-7-80 in die Du Toitkloofpas naby Paarl gesterf het. Die motor het tussen twee swaar vragmotors wat trompop gebots het, beland. Vyf mense is in die ongeluk dood. Die studente was Mej. Ansie Steyn en Ilse Bierman (albei Pukke), en Mnr. Braam Pretorius, Hoër Tegnies se hoofseun in 1977. (Foto: Potch Herald).*

**Mooi meisies en blomme pas bymekaar.....**

Vir die roos van jou hart is daar:

VARS SNYBLOMME
RUIKERS
POTPLANTE
DROË RANGSKIKKINGS
KUNSBLOMME
ORNAMENTE, ens

**huis & tuin**

**Tomstraat 82b, Die Bult**
**Tel. 4641**

Hiermee verklaar ek my bereidwillig om as rasieleier in die intervarsity teen UOVS op te tree. Ek sal na die beste van my vermoë die PUK-reëls nakom om as ware ambassadeur my taak te verrig.



Gideon v. d. Westhuizen



"A-á-n-d-r-é, A-á-n-d-r-é, koningkaptein van die PUK-kontrei... Hoor vir ou Spiekeries: ou André's in posisie, hy moet hom kry en hy druk hom nou!"

Lekker PUKKE, dit is weer sulke tyd.

PUKKE, op die " " gaan daar 'n staatsgreep op die PUK afgedwing word. Daar moet 'n nuwe leier gekiès word om die PUK aan te voer teen die Uiters Onderdrukte Vaal Skepsels, afgekort die UOVS, op die 23e Augustus 1980.

As genomineerde leier van die KAT-Party (wat kwaai kan kap met 'n poot), stel ek my ten doel om al wat 'n Uiters Onderdrukte Vaal Skepsel is, uit te wis en te vervolg tot in die laaste vuilgoeddrom.

Ten slotte, vir verdere inligting omtrent die doelstellings van my party kan u inteken op die PIESANG SPECIAL. Dit verskyn daagliks vir alle volwaardige lede van die party.

Die Uwe
Piesang van Rooyen

# Beurse beskikbaar

**Die Peter Haworth-gedenkbeurs, Cicely Haworth Wahl-studiebeurs en die Robert en Cicely Wahl-studiebeurs is kragtens die testamente van wyle Joan Cicely Wahl en John Robert Wahl ingestel. Die beurse word toegeken aan gegradueerdes van 'n erkende Suid-Afrikaanse universiteit.**

Die beurse bedra elk tussen R1200 en R2500 per jaar en word toegeken vir studie aan die universiteite van Oxford, Cambridge of Londen vir 'n tydperk van twee agtereenvolgende jare in die geval van 'n Baccalaureus of 'n Meestersgraad, en vir 'n tydperk van drie agtereenvolgende jare in die geval van 'n Doktoraat.

Die studiebeurse sal soos volg toegeken word: Die Peter Haworth-gedenkbeurs aan gegradueerde mans en dames, die Cicely Haworth Wahl-studiebeurs aan gegradueerde dames en die Robert en Cicely Wahl-studiebeurs aan gegradueerde mans en dames.

Manlike applikante moet hul verpligte militêre diensplig voltooi het, of vrygestel wees van militêre diens.

Meer besonderhede en aansoekvorms kan verkry word van die Sekretaris van die onderskeie studiebeurse, Posbus 1714, Bloemfontein 9300.



23 Augustus 1980: Oordeelsdag van Kovsies (wat 'n obskure woord).

Oorsaak van Kovsie moord: PUK geweld.

Wie kan dit glo? Die PUK word aangekla vir moord. Ek sal dit eerder beskryf as dieremishandeling óf bestryding van peste. Vir dié daad kan daar eerder 'n monument, deur die Staatspresident, vir die PUK opgerig word.

Maar op die stadium word daar dringend na 'n verteenwoordiger gesoek wat die PUK se saak kan verdedig.

Ek is bereid om vir die PUK die woord te gaan voer wat ook dan geen moeilike taak sal wees nie.

Soos dit enige goeie aspirant predikant bekwaam sal ek van dié standpunt uitgaan – dooie lote moet uitgekap word. Daar sal slegs lofliedere gesing word deur die PUKKE, sodat die Kovsies 'n musieklike einde sal tegemoet gaan.

PUKKE gaan mal, dit is groot dinge hierdie. Dit is lekker INTERVARSITY.

D J (DAWIE) KRIEL
BA (TOKKELOK)

## INTERVARSITY-TREIN

'n Trein word gereël om studente na en vanaf Bloemfontein te vervoer vir die intervarsity tussen die PU en UOVS. Die trein het plek vir 300 persone en die koste sal R26 per persoon beloop. Daar word egter nog onderhandel om die koste te verminder.

Die vertrektyd is Vrydag 22 Augustus om 14h00 vanaf Cachetstasie en weer vanaf Bloemfontein stasie om 24h00 Saterdagnag.

Daar sal geen eetgeriewe op die trein beskikbaar wees nie en dus moet voornemende saamryers hul eie eetgoed verskaf.

## Eksamen

**Die konsepeksamenrooster vir die eindeksamen 1980 is tans op die kennisgewingborde. Studente en doserende personeel word versoek om dit na te gaan vir roosterbotsings, weglatings ens. Dit moet voor 11 Augustus by mnr. Nico Tromp in kamer 307 bo in die biblioteek aangemeld word.**

## Montium verkiesing

Montium hou Woensdag 13 Augustus 'n bestuursverkiesing. Nominasies kan by die huidige bestuur ingehandig word. Almal wat ledegeld betaal het is stemgeregtig.

Ons Spens

MET HIERDIE ADVERTENSIE KRY U 10% KORTING OP U ETE

ONS BIED VOORGEREGTE, ROOSTERGEREGTE, BURGERS, VISGEREGTE, 'N VERSKEIDENHEID SLAAIE EN LIGTE VERVERSINGS AAN

KOM KUIER GERUS

| | | |
|---|---|---|
| TYE: | MAAN.-VRY. 9vm. — 10 nm. | |
| | SAT. | 9 vm. — 2.30 nm. 6 nm. — 10 nm. |
| | SON. | 11.20 vm. — 2.30 nm. 6 nm. — 10 nm. |

**MODEL-SKOENWINKEL — CHECKERS-SENTRUM**
**en**
**SKOENSENTRUM — KERKSTRAAT**

Vir die jongste modes in skoene



OIP-105113

# Politiese Raad nooi genoeg

Geagte Redakteur
Hiermee wil ek vra om 'n regstelling van u verslag oor my halfjaarbeplanning omdat dit een van die rade in 'n swak lig gestel het.

U het verkeerdelik gestel dat ek sou gesê het „Politiese Raad nooi nie genoeg anderskleuriges nie". In my skriftelike verslag het ek egter geskryf dat dit 'n groot leemte is dat Politiese Raad nie daarin slaag om genoeg anderskleuriges (meer as 80% van die S.A. bevolking) hier te kry as sprekers nie.

Die feitelike situasie is dit: dat Politiese Raad baie anderskleuriges uitgenooi het, maar om verskeie redes nie daarin kon slaag om baie te kry om die uitnodigings te aanvaar nie.

Laat my toe om langs die weg ook vir Politiese Raad geluk te wens. Hulle het in die afgelope termyn meer sprekers na die PUK gebring as enige vorige Politiese Raad.

PIETER FOURIE
VISE-VOORSITTER: SSR




- Die Wapad het 'n brief oor die afgewaterde ontheffing van mnr. Potgieter, 'n eerstejaar in Klooster, ontvang. Vanweë 'n misverstand kon die brief nie van deesweek geplaas word nie. Dit sal in die volgende uitgawe van Die Wapad verskyn. (Red)

- Die Wapad se beleid is om geen briewe te plaas tensy dit die volledige naam en adres van die skrywer bevat nie. Daarom moes ons S.Kin teleurstel deur sy brief terug te hou. (Red.)

# Vra beter

Geagte Redakteur
Ek het ook altyd by Uit die Woord verby geblaai, sonder om dit te lees. Die afgelope jaar het ek dit egter gereeld gelees.

Nou wonder ek net of ons Teologiese studente tot niks beters in staat is nie. Met uitsondering van twee gedeeltes is die res feitlik net 'n gedagtelose herhaling van sinlose en holruggeryde frases.

Moet my dus nie kwalik neem as ek terugkeer na my ou weë en weer net daarby verbyblaai nie.

SÊ-MAAR-NET

Toe die nuwe predikant laas termyn by Tjorts-hulle kom huisbesoek doen het, vra hy vir Tjorts:
„Waar is jou pappie Tjorts?"
„Innie tronk Omie"
„En jou Mammie?"
„Innie gestig Omie"
„En sê my, het jy enige boeties of sussies?"
„Ja Omie, twee boeties. Die een is innie verbeteringskool ennie anner een is op universiteit"
„Dis oulik jong. Wat studeer jou boetie op universiteit?"
„Nie Omie, hy studeer niks. Hy is in 'n bottel daar, want hy het twee koppe."

UIT NO. 13

# Polstu word afgekraak

Geagte redakteur,
Hiermee wil ek op enkele punte wat aangeraak word in die redaksionele stuk van die ASBEK antwoord. Verskeie verregaande opmerkings word gemaak, terwyl op ander plekke gevolgtrekkings gemaak word op eie inisiatief van die skrywer aan die hand waarvan Polstu afgekraak word. Van hierdie stellings weerlê ek met graagte en doen 'n beroep op alle lesers om Polstu se saak onbevooroordeeld aan te hoor:

1. Die berig beweer dat die lede van Polstu „die politieke forum van die ASB verruil vir 'n eie afsonderlike politieke struktuur". Die berig beweer dat Polstu sê dat „die ASB se rol uitgedien is".

Hierdie is die woorde en dade wat die skrywer ongegrond aan Polstu toedig. Al die oorspronklike nege stigterslede het hulle bereidheid verklaar om binne die ASB te bly, om indien moontlik die volgende kongres by te woon en selfs om indien hulle die geleentheid kry, weer op die ASB-hoofbestuur te dien. Die ASB was tot dusver die enigste politieke forum vir Afrikaanse studente op nasionale vlak. Die politieke forum van die ASB het sy beperkings – soos wat ons almal maar te goed weet. Dit was onder andere ook die rede waarom die ASB-hoofbestuur by wyse van 'n mosie (No. 60/79) in P.E. op 26 Mei 1979 hom ten gunste van 'n oorkoepelnde studentepolitieke organisasie (soos Polstu) buite die ASB uitgespreek het.

Polstu het sy uitdruklike voorneme uitgespreek om op studentepolitieke vlak te beweeg, wat (op die meeste) invloed op die ASB kan uitoefen, en nooit sy plek as Afrikaner kultuurorganisasie kan of wil inneem nie.

2. Die berig beweer dat Polstu se filosofie „nie ver (van die ANC se grondfilosofie) verwyderd is nie". Hoewel ek die skrywer wil toegee dat hierdie tipe wilde bewerings die maklikste manier is om 'n nuwe organisasie te na te kom, is dit ook al wat mens daarvan kan sê.

Die volgende feite weerlê hierdie bewering:

2.1 Berigte wat in die Transvaler (19 Junie 1980 en 24 Julie 1980) verskyn het, weerlê hierdie bewering in die openbaar.

2.2 Die tweede punt van die verklaring van vertrekpunte deur Polstu beklemtoon die hemelsbreë verskil tussen Polstu en die ANC: „Ons verwerp alle vorms van geweld en spreek onsself uit ten gunste van vreedsame ... verandering ..." Die ANC daarenteen het homself verbind tot revolusionêre (gewelddadige) verandering in S.A. Hulle het reeds bewys dat hulle erns met hulle voorneme maak – die gebeure van SASOL en Silverton bewys dit.

Hoe die skrywer van die redaksionele stuk dit oor sy hart kan kry om mede-Christen-Afrikaners sonder gronde van die tipe denkrigting kan beskuldig, gaan die verstand te bowe.

2.3 Polstu het nog 'n paar vertrekpunte gestel, daar is van 'n filosofie ('n uitgewerkte en gedetailleerde stel beginsels en metodes) nie eers sprake nie.

3. Die berig beweer dat Polstu se uitgangspunte „direk in stryd is met die Calvinistiese of Christelike – nasionale filosofie waarop die ASB gebou is". Hierdie bewering is absoluut verregaande as die volgende feite in aanmerking geneem word:

3.1 Die ASB se grondwet verbind hom tot 'n Christelik-nasionale uitgangspunt in sy standpuntname. Dit beteken volgens 'n verklaring van die ASB-kongres van 1977 dat die Bybelse beginsels ook die volkslewe bepaal en daaroor seggenskap behoort te hê.

3.2 Om die Calvinisme deeglik te defineer sal nie binne die bestek van een brief geplaas kan word nie. Tog verwys ek die skrywer van die berig na twee publikasies van die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme, studiestukke 36 en 46. Hieruit word dit duidelik dat 'n Calvinis die Goddelike gesag van die Skrif bely en voortdurend na sy eise vra.

3.3 Die bewering dat Polstu se uitgangspunte in stryd is met die Calvinisme, impliseer dus dat Polstu se uitgangspunte onbybels is. Die skrywer se bewering is geheel en al ongegrond, ongemotiveerd en ietwat ver gehaal.

3.4 Dit is insiggewend dat die redaksionele berigte van die Calvinistiese maandblad, Woord en Daad, vir 'n baie groot deel met Polstu se uitgangspunte saamstem. Hierdie feit plaas 'n vraagteken oor beide die skrywer se motief met die bewering en sy insig in die wese van Calvinisme. Om te verskil met sommige mosies wat op 'n ASB-kongres aangeneem word, beteken nog lank nie om oncalvinisties te wees nie.

4. Die berig beweer dat Polstu gebore is uit „persoonlike bitterheid en frustrasie". Hierdie bewering is bloot onwaar en 'n onjuiste analise van die stigterslede se gemoedstoestand tydens die kongres het niks meer gedoen as om 'n atmosfeer te skep wat tot die besluit gelei het om Polstu te stig nie. As Polstu gebore is uit die beweerde motief vertrou ons saam met die skrywer dat Polstu 'n spoedige dood sal sterf, maar die verklaring van vertrekpunte bewys die teendeel, en so ook die geweldige breë terrein waarop Polstu kan beweeg.

5. Mag die ASB die „kulturele tuiste van die Afrikaner-student" bly (ook vir die afrikaanse aanhangers van Polstu) en mag Polstu daarin slaag om die polarisasie tussen alle studente in S.A. te verminder deur sy bereidheid om op studentepolitieke vlak diskussie te voer, en om studente te betrek in hierdie proses ook buite die Afrikaanse studentegemeenskap.

6. Hartlik dank aan die skrywer vir die wenke oor wat Polstu moet doen; dieselfde dankbaarheid kan Polstu nie betuig oor wat die skrywer ten onregte aan ons toeskryf nie. Die persoonlike gevoelens van die lede van Polstu is nie bepalend nie, wel die saak waarvoor Polstu hom wil beywer. Mag ons daarvoor krag ontvang!

J.L. DU PLOOY

# Begrip

„Ons durf nie konflik vermy nie. Eenheid is slegs 'n leë dop as ons nie oor brandpuntsake van mekaar kan verskil nie. Daar moet ook tyd wees om die verskille deur te praat. Ons moet begrip vir mekaar ontwikkel."

Aan die woord is Piet Fourie van die PU vir CHO aan die begin van die ASB-kongres. Aan die einde van die kongres nadat daar deeglik kennis geneem is van en geluister is na die standpunte van die „linkse" groepie waarvan hy deel vorm, en nadat daar ook daarvan verskil is, gooi hy sy gewig in by die loodsingsgroep vir 'n nuwe „linkse" studenteorganisasie.

Kom nou, ou Piet: 'Practice what you preach!' Of geld jou oproep tot groter begrip net vir die konserwatiewes? Hoef die „linkses" nie dieselfde begrip teenoor hulle konserwatiewe Bondgenote te hê nie?

**Mnr. Piet Fourie antwoord:**

Ek staan steeds by dit wat ek oor begrip op die ASB-kongres geskryf het. Ek self het in Polstu dit duidelik gestel dat ons steeds binne die ASB wil bly en werk vir begrip en samewerking onder die Afrikanerstudente.

As ons dan nie meer in die toekoms gaan saam gesels nie, moet dit duidelik teenoor Mnr. A. Bartlett en andere wat soos hy dink gestel word: ons het hulle nie verwerp nie, ons bly steeds lid van die ASB en werk ook nie teen die ASB nie. Hulle het ons verwerp.

Die sleutel tot 'n goedkoper ryding is een van



ELCON MOTORS se gebruikte motors

250 GOEIE, GEBRUIKTE MOTORS ALTYD IN VOORRAAD WAARUIT JY KAN KIES

ENIGE FABRIKAAT

SPESIALE AFBETAALVOORWAARDES VIR STUDENTE

Kom gesels met At Jacobs, Pieter Schimpers, Hennie van Rensburg, Piet Loubser, Frank Lewis of Duif Voges by RIVIERSTRAAT 82 of skakel 2-3886/7/8

# Versoek Veroorsaak Verwarring

**Die Raad het besluit dat eerstejaars voor die Julie-vakansie onthef moet word. Die koshuise wat hulle nie by die reël gehou het nie, het oortree.**

Die Koshuisraad en Studenteraad het 'n versoek ingedien dat eerstejaars eers die naweek voor Intervarsity onthef word.

Die versoek wat nie goedgekeur is nie, het verwarring veroorsaak. Dit is die rede waarom die meeste koshuise hul eerstejaars eers na die vakansie onthef het.

Wanda, Over de Voor, Liberalia en Makouvlei se eerstejaars was by die ter persgaan nog nie onthef nie.

Mnr. Tolletjie Jonker, onder-primarius van Liberalia en Mnr. Willem van Zyl, onder-primarius van Makouvlei, sê hulle eerstejaars word binnekort onthef na oorlegpleging met die koshuisvader.

Mej. Loelie Theron, primaria van Wanda, sê die brief van die studenteraad het hulle eers op 21 Junie bereik. Baie eerstejaars, seniors en huiskomiteelede was reeds weg en dit sou sinneloos wees om die eerstejaars te onthef.

Advertensie Advertensie Advertensie



Snelle verligting van die irritasie van droë, jeukerige en dopperige vel.

- Ondergaan u die marteling van 'n vrot vel?
- Lê u nagtelik in sielswroeging en pyn as gevolg van u ontbindende gesig?
- Lyk u gesig soos 'n vermolmde boomstomp vol aaklige swamme?
- Ly u sosiale lewe onder hierdie probleempie?

Dit hoef nie langer so te wees nie!!!

Nou!... Die nuwe, unieke verbeterde... formule Z-1900 met arseen-asetaat!!

'n Reeks outentieke laboratoriumbeheerde proewe op arme, leedverwese slagoffers van dieselfde probleem as u s'n, het onteenseglik bewys dat formule Z-1900 binne vyf minute ewige verlossing van hierdie wrede velpeste meebring!

Nooit weer in u lewe sal u so 'n gevoel van sielsalige gemoedrus belewe nie!! Bestel dus vandag nog, terwyl voorrade hou!!

# Nuusflitse

**Klawerhof hou kinderpartytjie.**

Op Donderdag 31 Julie het Klawerhof se eerstejaars 'n kinderpartytjie vir hulle seniors gehou.

**Kasteel en Villagers skakel met Wits.**

Kasteel en Villagers het 'n aksie met twee koshuise van Wits gehou. Die aksie het sokker, hokkie, braaivleis, tennis, toutrek, p yltjies en rugby ingesluit.



*Over de Voor en Oostehof verkeer gesellig tydens 'n braai*



# Maak jou loopbaandrome werklikheid met 'n Evkom-beurs

Om in bykans 93% van Suid-Afrika se elektrisiteitsverbruik te voorsien, is 'n reusetaak. Dis Evkom se taak. En sonder die nodige mannekrag en grondstowwe sou dit 'n onmoontlike taak wees. Grondstowwe is in Suid-Afrika nie 'n probleem nie. Mensemateriaal wel. Daarom spesialiseer Evkom in ontwikkeling en voorsiening — ons ontwikkel jou talente en voorsien skitterloopbane.

Opleiding, en in die besonder studie op universiteitsvlak, is 'n peperduur storie. 'n Eerstejaarstudent in die ingenieurswese moet byvoorbeeld by die R2 000 begroot vir sy eerstejaarstudies. Daarby kos dit die Staat amper nog 'n R2 000 per jaar per student om die nodige studiefasiliteite beskikbaar te stel.

By Evkom glo ons dat dit deel van ons verantwoordelikheid is om deel van die koste te dra. Evkom se beurskeurders ken elke jaar talryke beurse toe aan jong uitblinkers vir universiteitsopleiding.


Ons behoeftes is wydvertak — en daarom ook jou geleenthede by Evkom — en beurse is beskikbaar vir die volgende interessante rigtings:

**Elektriese Ingenieurswese**
(Sterkstroom)
**Elektriese Ingenieurswese**
(Swakstroom)
**Meganiese Ingenieurswese**
**Siviele Ingenieurswese**
**Kerningenieurswese**
**Bedryfsingenieurswese**
**Metallurgiese**
**Ingenieurswese**
**Chemiese**
**Ingenieurswese**
**Landmeetkunde**
**Personeelwetenskappe**
**Argitektuur**
**Chemie**
**Bourekene**
**Rekenaarwetenskap**
**Bedryfsekonomie**
**Ekonomie**

Die bedrag van die beurs word bepaal deur die betrokke kursus wat die student volg asook die universiteit waar hy studeer. Die beursbedrag word egter vasgestel om voosiening te maak vir klasgelde, koshuisgelde en 'n vaste bedrag vir boeke en sakgeld.

En wanneer jy afstudeer, wag daar 'n uitsoekbetrekking op jou by Evkom. Trouens, die enigste voorwaarde wat ons aan jou stel benewens bevredigende vordering, is dat jy in ons diens sal bly vir 'n getal jare gelyk aan die duur van die beurs.

**Indien jy nadere inligting oor ons beursskema wil hê, vul die koepon in en pos dit vandag nog.**



**Aan: Die Personeelbestuurder, Evkom, Posbus 1091, Johannesburg 2000**

*Stuur my asseblief meer inligting oor die uitsoekloopbane wat Evkom bied*

Naam en Van:...............................

Adres:...............................

Ek stel belang in:...............................

**EVKOM**
**Die bron van krag**

KMP Werwing 4885




# Afrigter oorsee

Christo Snyman, atletiekafrigter van die PU, is tesame met twee ander afrigters, mnre Kenneth Zondi en William Mohapi deur die Suid-Afrikaanse Vereniging van Atletiekafrigters gekies om Europa te besoek.

Hulle sal vanaf 6-27 Augustus verskeie kursusse en afrigtingsklinieke bywoon en ook na groot byeenkomste gaan. Vân die grootste en wêreldberoemde byeenkomste wat deur hulle bygewoon sal word is die volgende:

Die Coca-Cola Byeenkoms by die Crystal Palace in Londen;

Die Goue Paalspringbyeenkoms te Nice in Frankryk;

Die Ivo von Damme Gedenkbyeenkoms in Luxemburg;

'n Internasionale Byeenkoms in Düsseldorf in Duitsland en die Goue Myl Byeenkoms by die Crystal Palace.


Die drie mans arriveer terug in Suid-Afrika op Woensdag 27 Augustus. Volgens Christo sal dié besoek oorsee van onskatbare waarde wees vir afrigtingstegnieke aangesien die pasafgelope Olimpiese Spele se prestasies vanuit alle oogpunte beskou en ontleed gaan word by die onderskeie kursusse en afrigtingsklinieke.

# Puk trap Dorp

**Op Saterdag 26 Julie het die PU-rugbyspan teen Potch Dorp gespeel en met 25-3 gewen. Cobus van Wyk, George Moorcroft en Wessel van der Merwe was verantwoordelik vir die drieë. Herman Kleinhans was die suksesvolle skopper. Die rustydtelling was 6-3 in die Pukke se guns. Die tweede helfte is gekenmerk deur briljante spel.**

Op Saterdag 16 Julie speel die eerstespan van die PU teen Pote op Olënpark. Die Intervarsity teen Kovsies vind op Saterdag 23 Augustus in Bloemfontein plaas.

Op Donderdag 26 Junie het die PU-eerste rugbyspan teen Villagers gespeel en met 27-9 gewen. Die PU-span is tans die voorlopers in die stryd om die Neserbeker.



*Springbok-stoeier Pierre Roux (bo) van die PU reken hier met sy opponent af.*

## Landloop:

Tydens die SAU-landloopkompetisie op Diensdag 1 Julie in Bloemfontein, het die mans-landloopspan van die PU agste geëindig uit 'n totaal van nege spanne. Daar was geen damespan ingeskryf nie, maar Marié Buys het individueel deelgeneem en twaalfde geëindig. Met die SAU-afloswedloop het die PU-mans beter gevaar deur sewende te eindig met 'n tyd van 2 : 17:47. Die span het bestaan uit Roelie Cronje, Ettienne Mouton, Christo Swarts, Attie de Lange, Peet Prinsloo en André Scholz.

## Muurbal:

Vir die eerste keer in baie jare is die SAU-muurbaltoernooi hier aan ons universiteit aangebied. Die PU-mansspan het agtste en die damespan vyfde geëindig in dié toernooi.

# Ibbies Toer suksesvol

**Gedurende die pas afgelope vakansie het die Ibbies 'n besonder suksesvolle rugbytoer deur die Laeveld onderneem.**

Hulle het op Dinsdagaand 22 Julie teen Sabie gespeel en met 'n telling van 30-15 as die wenners van die veld gedraf. Op Donderdag 24 Julie het die span teen Witrivier gespeel en 34-0 gewen. Saterdag, 27 Julie het die Ibbies hulle grootste oorwinning behaal toe hulle Phalaborwa met 50-0 geklop het. Willie van der Schyf het die meeste punte op die toer aangeteken (38) met sy 3 drieë en 13 doelskoppe. Braam Coetzee het tweede beste gevaar met sy totaal van 12 punte. (3 drieë.) Professor W.E. Scott was die span se afrigter en professor P.J. Schutte die bestuurder.

# SAU-uitslae

## Gimnastiek:

Die SAU-Gimnastiekkompetisie het vanjaar op 30 Junie en 1 Julie aan die Natalse Universiteit plaasgevind en is deur Tuks gewen. Kovsies het tweede geeïndig en die PU-span derde. Gimnaste van die PU wat goed presteer het, is die volgende:

Mariaan Kritzinger het 'n goue medalje ontvang in die eerste graad; Chrissie Els het in die tweede graad 'n derde plek behaal; Johan Mouton kry 'n silwer medalje in die derde graad en Braam Mouton eindig vierde in dieselfde graad; Herman de Villiers het vir sy derde posisie in die vierde graad 'n brons medalje ontvang.

## Gewigoptel:

Die volgende Pukke het die SAU-gewigoptelspan gehaal: W.A. Coetzee, E.A. du Plessis, R. van Rensburg en L. Labuschagne.

## Hokkie (Dames):

Die dameshokkiespan van die PU het vanjaar heel laaste geëindig in die SAU-kompetisie. Dié swak vertoning kan gedeeltelik toegeskryf word aan beserings. Net voor die toernooi het Karin Hoogenboezem haar regter-kraakbeen geskeur en vroeg in die kompetisie het Sanet Barac sowel as Anita de la Porte ook ernstige voetbeserings opgedoen.

## Hokkie (Mans):

Die manshokkiespan het met die uitsondering van een wedstryd al die ander verloor. Die span kon slegs met RAU afreken en het hulle met 2-1 gewen.

## Judo:

In dié SAU-toernooi het die PU-span derde geëindig nadat daar slegs vier punte verskil tussen die eerste drie spanne was.

Die volgende studente uit die PU-span is gekies om die SAU-span te verteenwoordig: Hugo Pienaar, T. Meiring, J. Boshoff en Charl Botes. Die springbok, Ronel Campher van Karlien, is aangewys as die beste dame-judoka van die toernooi.

## Kano:

Tydens die SAU-kompetisie op Saterdag 5 Julie het die Pukke derde geëindig nadat die span van die Maties eerste en Tuks tweede oor die wenstreep gevaar het. Op die Bergriviermarathon gehou vanaf 8-12 Julie, het die PU-span goed presteer deur uit 'n totaal van net meer as dertig klubspanne negende te eindig. Charl van der Walt is gekies om die SAU-kanospan te verteenwoordig.

## Karate:

Nie net het die PU-span tydens die SAU-toernooi die Pushkin Vodca-skild gewen nie, hulle het ook as algehele wenners uit die stryd getreë. Die hele PU-span is gekies vir die SAU-span en M. Holtzhuizen is aangewys as die beste dame-karateka van die toernooi. Die volgende PU-karateka het die SAU-span gehaal: Jannie de la Rey; R. Meyer; C. Graces; M. Holtzhuizen en T. Rens.

## Rugby:

Met die SAU se o/20-rugbytoernooi gehou by Wits van 2 tot 8 Julie het dit goed gegaan met die PU-span. Hulle eerste wedstryd het gelykop teen RAU (22-22) geëindig. Die tweede wedstryd verloor hulle met 28-13 teen Goudstad, maar die derde wedstryd teen Ikeys wen hulle weer met 36-17. Die volgende vier spelers het SAU-spanne gehaal: Theuns Botha (Agtste man - o/20 - Hombré); Franscois de Kock en Franscois Myburg - Voorrye - o/19; Meyer Bester - agtste man - o/19. Piet Brand is die afrigter vir die o/19-span en hul speel op 30 Augustus teen die SA-skolespan.

## Stoei:

Vir die tweede agtereenvolgende jaar is die PU-span die SAU-toernooiwenners en is hulle ook almal gekies vir die SAU-span; Die Pukke wat so goed presteer het is Pierre Roux, J. Grobler, A. Swart en C. Lottering.

## Skerm:

Tydens die SAU-toernooi van 4 tot 10 Julie aan die Universiteit van Kaapstad het die PU-manspan vierde en die damespan vyfde geëindig.



*Eddie Schoch (regs) — nommer een speler van die PU en Wes-Transvaal gewikkel in 'n stryd teen Phillip Schlebusch van Welkom.*


**Oulike koppies vir sleeptyd**



en tal le ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak. Net langs die INSLEEP-KAFEE.

Insleep -geskenkwinkel Gift Shop

TOMSTRAAT 100 TELEFOON 2-1033

**guys & dolls**

vat dit kop toe!



Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!

Die uwe,

GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.


Printed by Mafeking Mail